Voor jy begin lees

Volksverhale

- 'n **Volksverhaal** (*folk tale*) is 'n storie wat van **geslagte** (*generations*) tot geslagte oorvertel is en nog steeds oorvertel word.
- 'n **Volksverhaal** is 'n tradisionele storie wat op mense se ou gewoontes en tradisies gebaseer is.
- Volksverhale is **prosa**. Die verhaal word in paragrawe vertel.

Stories

- Daar gebeur altyd iets in 'n storie (die **gebeure/intrige**).
- Enige verhaal of storie gaan oor die **karakters**, met **wie** dinge gebeur. (Wie?)
- Die storie vind gewoonlik in 'n sekere **plek** of **ruimte** plaas. (Waar?)
- 'n Storie speel in 'n sekere **tyd** af. (Wanneer?)
- Dit is die vier boustene van 'n verhaal:

karakters	ruimte	intrige	tyd

- Elke storie het 'n **tema** (*theme*) of **boodskap** (*message*). Die **tema** van die verhaal of storie is die **boodskap** wat die skrywer wil oordra.
- Stories is **prosa**. Die storie word in paragrawe vertel.

Gedigte

- 'n **Gedig** lyk anders as 'n storie:
  - In 'n verhaal is daar **sinne** en in 'n gedig is daar **versreëls**.
  - In 'n storie is daar **paragrawe** en in 'n gedig is daar **strofes**.
- Gedigte is **poësie**.

Dramas

- 'n **Drama** is 'n toneelstuk wat deur karakters opgevoer moet word.
- Wanneer 'n drama geskryf word, word die mense se name en die woorde wat hulle moet sê, elke keer neergeskryf.
- Die name van die karakters kom links en die woorde kom regs, sonder aanhalingstekens. Die aanwysings kom tussen hakies of skuinsgedruk.
- Die lys mense wat in 'n drama voorkom, is die **rolverdeling**.

Scanned with CamScanner

Wurms met tamatiesous

Jaco Jacobs

wurms met tamatiesous
wurms op jou brood
wurms is **bobaaskos**
lewend of dood
wurmpies vir aandete
en wurms vir ontbyt
mopaniewurm-roerbraai
vir 'n **lintwurm**-aptyt

meelwurms is heerlik
erdwurms is tops
eet jou wurms net so heel
of probeer eers wurmtjops

'n lekker warm wurm
kort net 'n bietjie sout
en vir pieknieks verkies ek
my wurms lekker koud
wurms saam met geelrys
en kraakvars wurmslaai
pikante wurm-bolognaise
en wurms by die braai
wurmkerrie, wurmpasta
wurmpies op stokkies
wurmsop, wurmpoeding
soetsuur-wurmblokkies
hulle is propvol vitamiene
hulle maak nie vet nie
as jy gril, verbeel jou maar
dis eintlik net spaghetti

Scanned with CamScanner



Woordeboek

bobaaskos – top-class food

erdwurms – earthworms

lintwurm – tapeworm

meelwurms – mealworms

mopaniewurm-roerbraai – mopani worm stirfry

Scanned with CamScanner

Wurms met tamatiesous (bl. 66)

1. Kyk na die titel van die gedig. Hoekom, sou jy sê, pas dit so goed by die tema *Smul of gril*?
2. Watter een pas nie?

a) Waarmee kan 'n mens, volgens die spreker, alle wurms eet?

i) tamatiesous
ii) brood
iii) 'n bietjie sout
iv) geelrys
v) vars slaai
vi) bolognaise-sous
vii) kerrie
viii) klippe
ix) pasta
x) sop
xi) poeding

Scanned with CamScanner

b) In watter disse (*dishes*) sal 'n mens, volgens die spreker, wurms kan gebruik?

i) in pasta
ii) in die grond
iii) op stokkies
iv) in sop
v) in poeding
vi) in kerrie
vii) in 'n roerbraai

3. By watter soort etes meen die spreker kan 'n mens wurms eet? Noem die vier soorte etes.
4. Daar word spesifiek na vier soorte wurms verwys. Noem hulle.
5. Kyk na die twee slotversreëls. Wat moet jy jou verbeel jy eet as jy vir wurms gril?

Scanned with CamScanner